MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

29 September 2023

OB 35 – Kwartaalbrief: September 2023

Beste Ouers

Akademie
Grondslagfase: *me. Marga den Engelsman*

Na die lang Junie vakansie het ons volstoom begin met die akademie. Daar is elke dag hard gewerk in die klasse. Deurlopende assessering het plaasgevind. Leerders het Conquesta in Afrikaans en Wiskunde geskryf. Ons wag nog vir die uitslae.
Moderering van lêers, take en boeke het soos gebruiklik plaasgevind. Die werkboeke is gereeld huistoe gestuur sodat die ouers kan sien hoe ons werk.
Die juffrouens het webinare en vergaderings bygewoon. Ouerbesoeke was 26 Julie en baie dankie aan die ouers wat dit bygewoon het.

Intermediêre en Seniorfase: *me. M. Stemmet*

Ouersbesoeke was in die tweede week van die derde kwartaal. Dankie aan elke ouer/voog wat die afspraak nagekom het. Dit is in u kind se belang om die onderwyser/s te sien veral waar daar bekommernisse is.
Leerders is deurlopend geassesseer hierdie kwartaal. Daar was dus geen toetsreeks nie. Ons is trots op elke leerder wat sy/haar kant gebring het. Dankie ook vir u ondersteuning tuis.
Hierdie kwartaal is die Conquesta-olimpiade ook afgehandel. Leerders het Afrikaans, Engels en Wiskunde geskryf. Ons glo dat dit goed gegaan het.
Op 20 Oktober is dit weer tyd vir die jaarlikse sistemiese toetse wat die graad 3 en 6-leerders in Wiskunde en Afrikaans aflê. Baie sterkte vir hierdie leerders.
Aan die begin van die vierde kwartaal word daar weer erkenning gegee aan leerders wat akademiese prestasie behaal het vir kwartaal 3.
Nou lê die laaste kwartaal van 2023 voor. Leerders sal 'n volle eksamen skryf. Harde werk lê dus voor.

Biblioteek: *me. Lisa Plomp*

"The only thing you absolutely have to know, is the location of the library" – Albert Einstein

Die derde kwartaal lê op sy rug en die Monties lees steeds na hartelus! Die Grondslagfase, sowel as die Intersenfase, het weekliks die biblioteek besoek om boeke uit te neem. Dit is verblydend om te sien hoe gretig die Monties is om die biblioteek te besoek en 'n lekker storieboek uit te neem.

Sommige junior lesers het hierdie kwartaal ook Engelse boeke uitgeneem en was baie opgewonde hieroor.
Die senior lesers kon 'n storieboek en/of boeke uit die senior vakliteratuur- versameling uitneem. Sommige leerders verkies feiteboeke bo storieboeke en so moedig ons meer leerders aan om te lees.
Daar is ook baie waardering vir die biblioteekprefekte wat nougeset hul pligte nakom in die biblioteek en die werk van die bibliotekaresse soveel ligter maak.
Verskeie nuwe storieboeke (Engels en Afrikaans) is aangekoop en sal teen volgende kwartaal beskikbaar wees vir uitneem.
Daar is ook 'n heerlike kompetisie in die biblioteek gehou wat hand aan hand gegaan het met Erfenisdag en waar ons, ons pragtige land en taal, Afrikaans, gevier het. Graad 1 en 2 het 'n heerlike inkleurkompetisie gehad; graad 3 moes 'n intensiewe vorm uitbeeld en graad 4 tot 7 moes 'n oulike sê-ding of idoom soek wat hulle dan in die vorm van 'n springbok geskryf het. Daar was 'n wenner uit elke graad. Die leerders het dit baie geniet.

Rekenaarklas: *me. Marika Enslin*

"Never stop learning, because life never stops teaching."

In die wêreld van tegnologie is hierdie aanhaling beslis waar. Die spoed waarteen tegnologie daagliks verander en toeneem, veroorsaak dat ons moet aanhou leer.

Leerders neem met groot entoesiasme deel aan die lesse wat aangebied word en die volgende onderwerpe is gedurende kwartaal 3 behandel:
Gr. 1: Tikvaardighede en Paint.
Gr. 2: Tikvaardighede, Paint, Dele van die Rekenaar en Korrekte postuur.
Gr. 3: Tikvaardighede en Paint3D.
Gr. 4: Tikvaardighede, Internet veiligheid en PowerPoint.
Gr. 5: Animasies met PowerPoint.
Gr. 6: Teorie van programmering en Scratch inleiding.
Gr. 7: Skryf 'n speletjie met Scratch en Micro:bit inleiding.

Leerders: *me. Maryn Stemmet*

Kwartaal 3 was propvol aktiwiteite. Die Monties het baie geleenthede gehad op sport-, kultuur- en akademiese gebied.
Ons skool se getalle staan tans op 390.
Ons skool is die kwartaal besoek deur "*Brain Tribe*". Die groep het die Monties meer kom leer oor die werking van jou brein en die invloed van emosies op jou menswees. Dit was 'n baie leersame en betekenisvolle geleentheid.
Ons is besoek deur *Cornerstone Veterinary Services* van Robertson wat met die graad 4 – 7 leerders kom gesels het oor die algemene versorging van honde.
Die wintersportfoto's is gedurende die kwartaal geneem.
Die kwartaal is op 'n vrolike en kleurvolle noot afgesluit met ons jaarlikse Lentedag. Leerders kon dié dag hul vere regskud vir die somer en in gewone klere skool toe kom. Hulle het lentedagkaartjies uitgedeel, speletjies gespeel en heerlike worsbroodjies geëet. Feestelik! Elke kind se droom-skooldag!

Dankie vir almal se bydra om van dié kwartaal 'n sukses te maak. Geniet die kort ruskansie!

Landsdiens:
Vanaf 25 Augustus tot 27 Augustus het 5 van ons Landsdienslede gaan kamp by Kopbeenskloof, Touwsrivier. Hulle het dit baie geniet en baie dinge geleer. Die laaste kamp van die jaar vir graad 7 vind plaas vanaf 20 tot 22 Oktober by Kopbeenskloof. Die laaste kamp vir graad 1 – 6 by Touwsrivier vind plaas vanaf 27 – 29 Oktober.
Bea Pool is gekies om die Wes- Kaap te verteenwoordig by die Nasionale Landsdienskamp wat tydens die Desembervakansie plaasvind in Mpumalanga.
Die Landsdiens het ook hierdie kwartaal 'n projek aangepak om vir Helpende Handjies donasies soos byvoorbeeld blikkies kos, pasta, pakkies sop, toiletware, sanitering ens. in te samel. Dit was 18 September by hulle afgelewer en tannie Wilma en die kinders is baie dankbaar vir die donasies en bedank elkeen wat 'n bydrae gelewer het.

Fisies: *mnr. J. Krüger en L. Strauss*

Die afgelope kwartaal is baie tyd spandeer aan die merk en gereedkry van die velde vir sport. Die nuwe hokkieveld het aandag gekry en daar is gereeld gewerk. Die geboue is deurlopend skoongehou en kleiner instandhoudingstake is gedoen. Dankie aan oom Pietie Filander en sy span vir hul harde werk. Die hokkieveld word tans verder gelykgemaak met sand wat ingery word. Ons sien baie daarna uit om die veld volgende jaar ten volle te benut. Die ontwikkeling bly steeds 'n gesamentlike projek tussen die Laerskool en Hoërskool Montagu.

Kultuur: *me. M. Victor*

Kore
Ons kore het deelgeneem aan die MJKF op 3 Augustus en ook Worcester Eisteddfod op 13 September. Die juniorkoor ontvang silwer en seniorkoor goud by MJKF. Die juniorkoor ontvang 93% en seniorkoor 88% by die Worcester Eisteddfod.

Die seniorkoor het ook die geleentheid gehad om op te tree in Robertson by JE Park se eerste verjaarsdag.
Dankie aan ons Monties en personeel wat so hard gewerk het vir die optredes die kwartaal.

Spreekkore
Die gr.7 spreekkoor het op 10 Augustus deelgeneem aan die MJKF. Hulle verwerf hier goud.
Die gr.3 en gr.7 spreekkore het ook deelgeneem aan die Worcester Eisteddfod op 21 September. Die gr.3 spreekkoor verwerf 88% en die gr.7 spreekkoor verwerf 'n medalje met 'n uitslag van 100%.

Baie dankie aan ons personeel en me. Pool vir die afrigting en hulp.

Worcester Eisteddfod: Voordrag
Ons Monties het op 21 September deelgeneem aan die Worcester Eisteddfod wat hierdie jaar plaasgevind het by ons eie skool. Die uitslae was as volg:
Medaljewenners (95% en hoër): Jean-Kate Smit, Ben Rautenbach, Liam Booysen, Luan Koekemoer (100%) en Bea Pool (100%).
Cum Laude (90% - 94%): Shiree September, Theo Basson, Mekonnen Vermeulen, Liney Kleyn, Suna Bussell, Adia Philander, Luka Sadie, Mariké-Mari McAlpine, Mahlodi Ramabulana, Iva du Toit, Aneisha Philander en Lienka Joubert.
Goud (80% - 89%): Kierah Carolus, Klara Sadie, Ariah Banda, Reinhardt van der Linde, Darius van Niekerk, Kaira Fluks, Sophie Behm, Caleb Daly, Luca Shirley, Sebastian du Plessis, Jayhm Jansen, Luka Kroucamp, Aliai Stopforth, Catherine Stout, Chenia Plaatjies, Jozua Conradie, Roux Datson, Akhanye Kewane, Tamryn Visser, Kobun Stemmet, Sion Stemmet, Olivia Alston, Deha Engel, Cari Conradie, Rikus van der Walt, Jimal Klaasse, Iman Samson, Ilke van Deventer, Tamar Hendricks,

Carolina Smit, Amorey Potgieter, Jaydah Cloete, Ané Nomdo, Layla Vorster, Luka Southey en Lodewyk Beukes.

Baie geluk aan hierdie Monties en dankie aan ouers en personeel wat tyd ingesit het met die afrigting.

Redenaars

Bea Pool, Luan Koekermoer en Aliai Stopforth het op 26 September gaan deelneem aan WNPS se Redenaars- en musiekaand. Hulle het baie goed gevaar en die Monties se naam hoog gehou.

Kuns

Ons skool se kunstenaars was ingeskryf vir die MJKF en die uitslae was as volg:

Meriete:

Luca Shirley, Liney Kleyn, Winique Mouries, Hay-Lee Plaatjies, Suna Bussell, Liané de Beer, Deha Engel en Cari Conradie.

Brons: Kierah Carolus, Elana Haasbroek, Wilmor Paulse, Klara Sadie, Olivia Harms, Nazeem Jones, Riley Kitshoff, Matthew Pietersen, Erik Harms, Ben Rautenbach, Luka Kroucamp, Jean-Kate Smit, Jozua Conradie, Aliai Stopforth, Armin Fluks, Jayrick Coetzee, Annabella van den Berg, Liam van der Merwe, Luka Sadie, Sion Stemmet, Hereetha Booysen, Wian Joubert, Ethan Kristoffels, Luhaigan Scheepers, Mia Staal, CJ van Deventer, Quindré Jantjies, Mikayla Stuart, Keeshia de Vlam, Iva du Toit en Lienka Joubert.

Silwer:

Theo Basson, Amelia Beukes, Hope Muller, Josua du Toit, Alyssa Kitshoff, Herman Joubert, Mia Vorster, Ross Moses, Jeannesse van der Merwe, Annabelle van Zyl, Ruben van Niekerk, Layla Vorster en Jodin Wilskut.

Goud:

Liné van Eeden, Olivia Alston en Luan Koekemoer.

Sport: *mnr. Louwtjie Strauss*

Hokkie:

Ons hokkie het al ons spanne vele geleenthede gegee om wedstryde te speel. Ons was baie kompeterend teen die meeste skole waarteen ons gespeel het. Ons is baie opgewonde oor die groei wat ons toon na net twee jare van hokkie by Laerskool Montagu.

Ons wil graag baie dankie sê aan Carla Joubert en Anneen du Toit wat ons hierdie seisoen gehelp het as buite-afrigters. Julle hulp word opreg waardeer.

Tennis:

Die tennis oefening het weer afgeskop om voor te berei vir die tenniswedstryde wat gaan plaasvind in die 4de kwartaal. Die skool se tennisspan het weer die geleentheid gekry om mekaar in die span uit te daag. Die nuwe ranglys is as volg:

Dogters:

1. Iva du Toit
2. Mariké-Mari McAlpine
3. Lienka Joubert
4. Mieke Joubert
5. Carolina Smit
6. Ilke van Deventer

Seuns:

1. Lodewyk Beukes
2. Zack Roos
3. Thys Venter
4. Luka Southey
5. Christiaan van Eeden
6. Christian Prinsloo

Rugby:
Ons spanne het gedurende die kwartaal aan verskeie wedstryde deelgeneem. Dit sluit ligawedstryde en sportdae in. Ons besoek dan ook vir Laerskool Ashton, Laerskool Volschenk en Hoërskool Bonnievale (reën) om aan hulle sportdae deel te neem. Ons spanne het ook puik presteer in die ligawedstryde.

Baie geluk aan Jenö Jacobs en Lincoln Josephs wat die o/12- Noord-Bolandspan by die Bolandproewe verteenwoordig het.

Ons spanne het deurgaans teen sterk spanne gespeel en ons kan trots wees op die positiewe wyse hoe ons spanne op en van die veld af presteer het.

Ons opregte dank aan ons afrigters en buite-afrigters wat almal baie hard gewerk het om van hierdie seisoen 'n sukses te maak. Baie dankie ook aan ons staatmaker ouers wat ons getrou deur die jaar bygestaan het en 'n groot bydrae gelewer het om ook van ons afsluitingsfunksie 'n groot sukses te maak.

Netbal:
Ons netbalspanne het gedurende die kwartaal heelwat geleenthede ontvang om te gaan deelneem aan ligawedstryde. Ons het ook Laerskool Ashton, Laerskool Volschenk en Hoërskool Bonnievale (reën) se sportdae bygewoon.
Ons netbalspanne het baie goed gevaar en hul staal gewys teen sterk skole ook. Baie dankie aan elke afrigter en ook buit-afrigters wat bygedra het tot die netbal se sukses.
Groot dank ook aan elke speelster wat getrou oefeninge en wedstryde bygewoon het en ons ondersteuners langs die bane.

Weerbaarheid: *mnr. J. Krüger en L. Strauss*

Onder leerdersake is reeds oor *Brain Tribe* berig. Hierdie program sluit ook aan by selfdissipline wat 'n invloed het op dissipline binne die skool. Ons lê deur die beginsels van *Brain Tribe* te gebruik, baie klem op die ontwikkeling van selfdissipline. Ons weeklikse sertifikate in die saal is daarop gemik om leerders wat goeie samewerking gee, met 'n sertifikaat te beloon. U sal verder opmerk dat op die leerders se dissiplineverslag, wat saam met die rapporte uitgestuur word (gr. 4-7) leerders verder op hul gedragsrekord met positiewe punte beloon word indien hulle 'n weeksertifikaat ontvang.

Personeelsake: *me. Eileen Olivier*

Ons sê baie dankie aan elke personeellid wat hierdie kwartaal 'n groot aandeel gehad het aan die sukses van ons sport en kultuur. Die Eisteddfod was weer 'n groot sukses. Een van hierdie hoogtepunte was die SAOU Hoofdesimposium wat deur meneer Krüger bygewoon is. Dit was 'n besige kwartaal. Baie dankie vir die harde werk en positiewe ingesteldheid. Ons wens Juf. Lizenke voorspoed toe met haar komende huwelik. Mag dit 'n pragtige dag wees. Baie dankie aan elkeen van die PYEI-assistente wat ons aan die einde van die kwartaal groet. Julle het ons baie gehelp en ons hoop die paar maande by die skool hou vir julle goeie herinneringe in. Die Onderwysdepartement het ons verlede week in kennis gestel dat die klasassistente se kontrakte verleng word tot 30 November

Bemarking: *me. Annie Wigmore*

Ons leerders was hierdie kwartaal puik ambassadeurs vir die bemaking van ons skool – van sportwedstryde tot Eisteddfods het hulle ons naam met trots uitgedra.

Ons wil graag baie dankie sê aan elke Montie en ouer vir die harde gewerk met die verkope van ons Montie Mall produkte. Ons is baie dankbaar vir die uitstekende verkope hierdie jaar. Ons top drie verkopers was Anzél Joubert, Ivanah Pekeur en Ivano Hendricks. Wenklasse sal in die 4de kwartaal hulle uitstappies geniet.

Vrydag, 8 September het die braai-rook lekker gehang oor die skool! Ons is dankbaar vir die 1200 hamburgers wat deur ouers, besighede en die gemeenskap bestel was. Dankie aan die ouers wie vir Lizanne kom help het. Die projek het 'n baie welkome wins van R24 861 ingebring.

Dit was heerlik om al ons "ou Montie" matrieks by hulle eerste alma-mater Woensdag, 27 September by die skool se kon onthaal en hulle sterkte toe te wens met hulle komende eksamens. Ons weet hulle sal die Montie naam hoog hou.

In die 4de kwartaal sien ons uit na ons leerders se talentkompetisie op Donderdag, 12 Oktober. Die opwinding onder die leerders loop hoog! Kom wees deel van die gehoor en kyk hoe oulik ons kinders is.

Op Dinsdag, 24 Oktober kan al die dames van Montagu 'n heerlike kuieraand by die skool kom geniet en saam lag by Verashca se vertoning van "Dit is wat dit is". Kaartjies (R200 per persoon ete ingesluit) is by die skool en gasvrouens beskikbaar. Net wat elke mama nodig het voor die jaareinde eksamens!

Hou gerus ons *Facebook*-blad dop vir nuus en foto's.

Jan Krüger

Ons het die afgelope kwartaal verskeie fondsinsamelings geloods. Dankie vir een en elk se ondersteuning hiermee. Ek wens ons personeel 'n aangename ruskans toe. Ons sien uit na die laaste kwartaal van die jaar. Geniet jul vakansie Monties.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Kwartaalprogram: Kwartaal 4 van 2023

*(Kwartaaldatums word gepubliseer op die **d6-kalender**, asook opgedateer in die weeklikse Montienuus, wanneer nodig. Enkele datums van kwartaal 4 word hieronder uitgelig. Ouers word aanbeveel om die **d6-app** op hul fone af te laai. Sodoende weet u dadelik as daar datums bygevoeg of verander word. Let wel dat hierdie datums kan verander weens omstandighede.)*

10 Okt.	Skool heropen 8:00. **Somersdrag word gedra.**
12	Talentkompetisie; Tennis vs Koo (t)
13	Entrepreneurs: 2H;
14	Krieket o/13 Overberg (w); Mini-krieket Bonnievale (w)
18	Ouerbesoeke
19	Kliniek Gr. 5; Mini-Krieket Swellendam (w); Tennis vs Swellendam (w)
20	Gr3 en Gr6 Sistemiese toetse; Gr. 7 Landsdienskamp te Kopbeenskloof (20 – 22 Oktober); Entrepreneurs: Gr 2D; GF boeke huistoe
24	Damesaand;
25	Gr.6-kamp te Wemmershoek (25 – 27 Oktober)
26	Tennis vs Ashton (t)
27	Atletiek: Bredasdorp Top 10; Ope Entrepreneurs; Gr. 1 – 6 Landsdienskamp (27-29 Sept.)
31	Foto's: Somersport & spesiale foto's; Mini-krieketdag (t)
1 Nov.	Kooroptrede met Jak de Priester
3	Entrepreneurs: Prefekte; GF boeke huis toe; Gr. R Kuierdag; Gr.4 kamp: 3-4 Nov.
7	Dogterskrieket (Wedstryd vs Robertson) (tuis);
8	Seniorburgerdag;
9	Ouer- begrotings en algemene jaarvergadering
10	Entrepreneurs: Gr 1V; Gr. 6-O klasuitstappie
17	Entrepreneurs: Gr 1K; GF boeke huistoe;
18	IEC Registrasie naweek vanaf 08h00-17h00: 18-19 Nov.
20	Vroegste eksamendatum Gr. 7
22	Vroegste datum assesseringsreeks Gr. 4-6
1 Des.	Assessering / eksamen eindig; Gr. 7 Afskeidsaal
7	GF Erkenningsaand;
8	Gr 1K Klasuitstappie;
11	IF Erkenningsaand
13	Skool sluit: rapporte word uitgedeel
Afkortings:	GF: Grondslagfase gr. 1-3, IF: Intersenfase gr. 4-7.

d6 Connect App

Beheerliggaam – Kwartaalverslag
Kwartaal 3 – 2023

Die kwartaal het afgeskop met Laerskool Ashton se Pikkie sportdag en die Sportdag by Laerskool Volschenk, waaraan die onder 11 en 13's gaan deelneem het. Dit was baie koud, veral by Volschenk, maar die kinders het vasgebyt en ons naam hoog gehou.

Die res van die kwartaal is verdeel tussen wintersport en somersport. Die laaste netbal-, hokkie- en rugbywedstryde is afgehandel in Augustus en vanaf September was ons besig met somersport.

Die beheerliggaam het 'n groot belegging in die kinders gemaak deur die span van Brain Tribe te kontrakteer om met ons kinders te werk. Baie ouers is opgewonde hieroor en ons vra mooi dat u heeltyd met u kind hieroor sal gesels. Ons glo hierdie kan oor 'n tydperk 'n positiewe verskil in ons skool maak, solank as wat leerders, personeel en ouers dit lewendig hou.

Ons wil baie dankie sê aan ons ouers wat ons so puik ondersteun het met die afgelope kwartaal se fondsinsamelings. Die Montie-Mall en hamburgerverkope het uitstekend gedoen en ons is dankbaar oor elke rand wat ons ingekry het. Volgende kwartaal vind daar 'n Damesaand plaas, waarna die mammas en ander gaste beslis kan uitsien!

Indien ons die prestasies van ons leerders dophou op Facebook en in die Montienuus, is dit duidelik dat hier baie talentvolle kinders in die skool is. Ons moedig elke Montie aan om aan 'n buitemuurse aktiwiteit deel te neem. Daar is ander aktiwiteite ook buite die skool waaraan julle kan deelneem indien jy nie so lief is vir groepsport nie, byvoorbeeld karate, musiek en gimnastiek.

Ons is steeds besig met die ontwikkeling van die hokkieveld saam met Hoërskool. U sal sien daar word nou sand ingery om die velde nog meer gelyk te maak. Volgende jaar gaan daar lekker hokkie gespeel word.

Dankie ouers, dankie Monties vir 'n goeie kwartaal.

Beheerliggaam